

10 Augustus - NOAG

Skrifgedeelte: 2 Petrus 2:1-5 (NAV)

Fokusgedeelte: 2 Petrus 2:5 (OAV)

In hierdie Skrifgedeelte met sy somber ondertone van verderf, vonnis, ondergang, hel, duisternis en oordeel, fokus jou oog op die woordjie “gered” (NAV) in vers 5 asof jy deur ’n vergrootglas daarna kyk! *“Net Noag ... en sewe ander mense het Hy gered.”*

Genesis 7:1 vertel dat, toe die HERE vir Noag die bevel gegee het om saam met sy huisgesin in die ark te gaan, Hy juis gesê het: *“Want jou het Ek regverdig bevind voor my aangesig in hierdie geslag.”* Hebreërs 11:7 getuig dat, toe Noag in die geloof die ark gebou het soos God hom beveel het, *“hy die wêreld veroordeel het en ’n erfgenaam geword het van die geregtigheid wat volgens die geloof is”*. Vandaar die naam: Noag, die prediker van geregtigheid. Hy het gedoen en geleef volgens God se reg.

In die volheid van die tyd het God dié groot Prediker van geregtigheid, sy Seun Jesus Christus, in effek onder hierdie ganse menslike geslag van sondaars gestuur. In Lukas 4:18 sê Christus: *“Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring.”*

So leer ons Hom ken as Jesus, die prediker van God se reg vir armes, verbyseldes van hart, gevangenes, blindes en gebrokenes (Luk 4:18, 19). Hy maak nie net God se reg bekend nie, Hy doen dit ook en Hy leef dit uit. Van Hom word getuig: *“... Christus het ook eenmaal vir die sondes gely, Hy die Regverdige vir onregverdiges, om ons na God te bring ...”* (1 Pet 3:18).

Elke gelowige het die roeping om ’n prediker van God se reg te wees – nie net met woorde nie, maar ook met daade. Dis die reg waarin ons deel, omdat Christus aan al God se geregtigheid namens ons voldoen het deur sy soenverdienste aan die kruis.

Sing: Psalm 40:5 (1936-beryming)

Ds JH Cilliers (Reitz)